## Ontmoetingsdiens

Votum

Seën

Lofpsalm: Ps. 93: 1, 2 & 4

1

Die HEER regeer. Die kleed van heerlikheid

wat Hom omstraal, is enkel majesteit.

En deur sy krag, wat enkel triomfeer,

hou alles stand, dit wankel nimmermeer.

2

U troon, o HEER, het ewig vasgestaan.

U is de HEER van ewigheid af aan.

Rivier en meer het woedend opgebruis,

hul hoog gehef, geklots met groot gedruis.

4

Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou,

beloftewoord sal U vir altyd hou.

U tempel sal, wat ook om ons vergaan,

net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

Geloofsbelydenis

## Die Geloofsbelydenis van Nicéa

Ons glo in een God, die Almagtige Vader, die Skepper van die hemel en aarde, van alle sigbare en onsigbare dinge;

en in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore:

Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het.

Hy het ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword, Hy het mens geword;

onder Pontius Pilatus is Hy vir ons gekruisig;

Hy het gely en is begrawe.

Op die derde dag het Hy volgens die Skrifte opgestaan, en Hy het na die hemel opgevaar.

Hy sit aan die regterhand van die Vader, en Hy sal met heerlikheid terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel.

Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.

Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. Hy het deur die profete gespreek.

Ek glo aan een heilige, algemene en apostoliese kerk.

Ons bely een doop tot vergifnis van die sondes.

Ons verwag die opstanding van die dooies en die lewe van die toekomstige bedeling.

Amen

## Verootmoediging en versoening

Die Wet: Eksodus 20

Antwoord op die Wet: Ps. 12: 1 & 7

1

Red, red, en hoor, o HEER,

geen vrome is daar meer;

getrouheid, in die land reeds klein,

het nou daaruit verdwyn.

7

Die HEER sal in gevaar

sy volk altyd bewaar;

as lis en laagheid triomfeer

dan waak en sorg die HEER.

## Woorddiens

Gebed

Skriflesing: 2 Petrus 1:1-11 (83/92)

**1** Van Simon Petrus, ’n dienaar en apostel van Jesus Christus.

Aan dié wat deur die regverdige beskikking van ons God en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het.

2 Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here!

*Die Christen se roeping en verkiesing*

3 Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. 4 Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur. 5 En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, 6 die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, 7 die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.

8 As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken. 9 Iemand wat hierdie dinge nie sy eie gemaak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is.

10 Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit

struikel nie. [11]En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

Fokus: 2 Petrus 2:6 (selfbeheersing)

[5]En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met selfbeheersing.

Hoekom is selfbeheersing belangrik?

Wat is die probleem met die mens en selfbeheersing?

Geen selfbeheersing = beheer deur die sonde.

In die derde plek kom selfbeheersing (enkrateia). Dit moet nie net in voedsel en drank gebruik word nie, maar in alle aspekte van die lewe. Die vertaalde woord “selfbeheersing” kom op baie plekke in die Bybel voor. Die Griekse woord wat Petrus hier gebruik het wat ook vertaal met selfbeheersing, kom bitter selde in die Nuwe Testament voor (alhoewel dit in die lys van deugde van Paulus in Gal. 5:23 voorkom), maar soos deugsaamheid in vers 5, was dit baie gebruik in die Griekse morele filosofie. Dit het beteken om jou passies te beheer in plaas van om deur hulle beheer te word. Aristoteles het baie kritiek op Socrates se leerstellings gehad. Socrates het beweer dat niemand gewilliglik die beste koers sal verwerp sodra hy dit gesien het nie. Hy het goed

geweet dat die mens gewilliglik en moedswillig sondig. Ja, selfs ’n heidense filosoof het baie te sê gehad oor hoe die mens maklik deur sy eie begeertes en passies beheer word.

Die Griekse woord wat ons hier kry is “enkrateia”. Dit vertaal met selfbeheersing. Die woord is verwant aan die Griekse woord “kratos” wat krag beteken. Om selfbeheersing toe te pas, beteken om krag oor jouself, jou begeertes, en jou sondes uit te oefen. As jou begeertes krag het oor jou, dan oefen hulle beheer oor jou lewe en gedrag uit, maar as jy krag oor jouself, jou begeertes en jou sondes het, dan hou jy dit in toom en kan dit nie meer beheer oor jou kry nie.

Paulus het selfbeheersing geïdentifiseer as deel van die vrug van die Gees in Gal 5:23. In 1 Kor. 9: 25 & 27 brei Paulus ook uit op die gedagte van selfbeheersing deur middel van ’n voorbeeld te gebruik van atlete wat ’n resies hardloop. “*En elkeen wat aan ’n wedstryd deelneem, onthou hom in alles — húlle nogal om ’n verwelklike krans te ontvang, maar ons ’n onverwelklike. Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie*”. ’n Atleet sou sekere plesiere ontsê, soos drank, lekker kos, luiheid om te oefen, selfs seksuele praktyke, sodat dit nie hulle prestasie op die resiesbaan sou affekteer nie. Die wenner sou ’n kroon ontvang van blare en blomme gemaak. Dit sou verwelk. Ons ontvang ’n kroon wat nooit verwelk nie. Dit is die ewige lewe.

Geen Griekse filosoof het ’n antwoord op die probleem van menslike goddeloosheid gehad nie. Die naaste wat ons daaraan kry binne die Griekse denkwyse is die van

Aristoteles. Hy het erken dat selfbeheersing (enkrateia) ’n goddelike eienskap is, en dat geen mens dit werklik besit nie.

Die antwoord is te vinde in die evangelie van Christus. Deur Christus is jy nie meer slaaf van jou sondige natuur nie, maar vrygemaak. Jy is nou vry om te beweeg, sonder dat die sonde jou baas is. Die Christelike selfbeheersing is onderwerping aan die beheer van die Heilige Gees. Deur selfbeheersing te noem, gebruik Petrus weer 'n woord wat die valse leraars soos 'n sweepslag moes tref. Hulle beweer dat kennis hulle bevry van die noodsaak aan selfbeheersing (2:10; 3:3). So lees ons in 2 Pet. 2:10, “*Veral húlle sal gestraf word wat toegee aan hulle wellustige vleeslike begeertes en wat die gesag van die Here verag.*” Petrus beklemtoon dat ware kennis tot selfbeheersing lei. Petrus wou juis in hierdie brief die valse leraars en kettery aanspreek wat beweer jy kan jou geloof en jou dade van mekaar skei.

Hoe kweek jy selfbeheersing? Die werking van die Heilige Gees is noodsaaklik, want jy kan nie selfbeheersing toepas sonder die Heilige Gees nie. 2 Tim 1:7 sê, “*Want God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing*.” Tog is dit nie die Heilige Gees wat namens jou selfbeheersing toepas nie, maar eerder die eienskap in jou laat groei. ’n Mens kan nie net terugsit, laat gaan en “laat God” nie.

Selfbeheersing beteken nie om glad nie begeertes te hê nie, soos wat tradisionele Boeddhisme leer nie. God het ons geskape met begeertes. Let wel: met goeie begeertes. Die sonde het dit skeef getrek. Om selfbeheersing toe te pas, moet jy iets

ander in die plek van die ou begeerte sit. Bowenal, begeer kennis van Christus en sy wil! Christus se begeerte was altyd net om die wil van die Vader te doen.

Bid voordurend sodat jou gedagtes attent is op die begeertes en sondes wat jou wil beheer. Op hierdie manier kan jy werklik agterkom as jy ’n tekort aan selfbeheersing het.

Gaan soek die wysheid van die Skrif op oor selfbeheersing: Spreuke 16:32 sê, “*'n Geduldige mens het meer waarde as 'n bedrewe vegter, 'n mens met selfbeheersing meer as iemand wat 'n stad inneem.*” En 25:28, “*'n Stad sonder 'n muur om hom te beskerm, so weerloos is 'n mens as hy nie selfbeheersing het nie.*”

Pasop vir hoogmoed! Selfbeheersing kom nie uit jouself nie. As dit die geval was, was die wêreld ’n ander plek.

Antwoorddiens

Gebed

Slotsang: Ps. 78: 1 & 25

1

Merk op, my volk wat nou my roepstem hoor,

met ope hart en toegeneë oor!

Met wyse spreuke wil ek u vermaan,

wat waarheid is van vroegste tye af aan;

verborge goud wat net op koest'ring wag,

met stof bestrooi, haal ek weer voor die dag.

25

O goedheid Gods wat altyd dieper daal:

uit herderstent word Dawid weggehaal,

uit agterveld waar skape rustig wei,

om nou Gods volk as herder-vors te lei.

Hy 't hul gehoed in sy opregtigheid

en hul beskerm deur dapper krygsbeleid.

Seën